**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU TE WORD OP WOENSDAG, 7 OKTOBER 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 09/2015**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Frik Nel open die vergadering met gebed. Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

## 2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Des Muller | Ondervoorsitter | Riverside |
| Mike Wray | Bestuurslid | Tergniethoogte |
| Annatjie J van Rensburg | Sekretaresse | Eureka Park |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Johan Lötter | Noord van Spoorlyn | Reebok |
| Ann Pretorius | | De Lange Uitbr |
| Frik Nel | | Reebokrif |

### 2.2 Op Uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kalie Smit | Raadslid - Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid - Wyk 5 |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Rozain Hanzen | | Munisipaliteit |
| Johann Muller | Suid van Spoorlyn | Reebok |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Frans de Graaff | | Munisipaliteit |
| Lydia Havenga | | Bewarea |
| Wendy Wiles | | Bewarea |
| Jorrie Jordaan | | Suiderkruis |
| Donovan Claassen | | Toekoms |
| Terry Terblanche | | Riverside |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Ray Saul | | Reebokhoogte |

## 3 LIEF EN LEED

Mike Wray and Ray Saul word hartlik gelukgewens met hul verjaarsdae.

## 4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Notule 08/2015 word goedgekeur deur Rdh Kalie Smit en gesekondeer deur Kruger De Wet.

5. **NUWE SAKE VIR BESPREKING**

5.1 **Aktiwiteitslys Item 4: Herseel van Hildegardestraat Fraaiuitsig Toestand.**

Frik meld dat die pad weer vol los klippe en gate is. Die voorsitter stel voor dat ons moet besef ons weer baiehet rëen gehad. Plaas op Aktiwiteitslys tot Feb 2016.

5.2 **Aktiwiteitslys Item 6: Strate en Stormwater (Reebok & Tergniet – Kusweg 211, 275 hv De Jager en Kusweg.**

Anton noem dat tydelike werk verrig is, want water hardloop geleidelik weer af. Plaas op Aktiwiteitslys tot Februarie 2016.

5.3 **Aktiwiteitslys Item 7: Brief ivm Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings.**

Anton stel voor dat 'n opvolgskrywe gerig word. Plaas op Aktiwiteitslys tot Februarie 2016.

6. **AANVULLENDE AGENDA**

6.1 **Rondawelhuis Langenhoven Straat: Grens aan Impala weg.**

Frik Nel meld dat klagte by hom ingedien is oor eiendom grens aan Impala en dit lyk soos plakkerskamp. Frans de Graaff' dra kennis van onwettige vrugtestal wat ook in Robertson/Impala weg plaasgevind het. 'n Skrywe sal aan Frans de Graaff gerig word om ondersoek in te stel. Aksie Annatjie

7. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

7.1 **Aktiwiteitslys Item 2a - Tennisbane te Klein-Brakrivier, navraag oor eiendomsreg.**

**Plaas op Aktiwiteitslys vir Maart 2016.**

7.2 **Aktiwiteitslys Item 3 - Trap 6de Laan.**

Trap is nog nie gedoen nie en moet opgevolg word. 'n Skrywe sal aan Dirk Zietsman gerig word. **Annatjie stuur epos.**

7.3 **Aktiwiteitslys Item 5 - Begroting vir opgradering van 'Drop off Sites'.**

Epos sal aan Lanese Hesselman gestuur word.

7.4 **Aansoek om tydelike afwykking erf 75.**

Brief is deurgestuur. **Haal af.**

7.5 **Aansoek om hersonering, onderverdeling en afwyking: restant van gedeelte 33 van die plaas 136, mosselbaai distrik**.

Brief is na aanleiding van almal se besware gestuur. **Haal af.**

7.6 **Vakansie Seisoen Reelings Besprekings Items.**

Die voorsitter vra dat almal se versoeke deurgegee moet word en saamgevat word aangesien die vergadering se datum naby is. Trappe in Kusweg is baie belangrik en

moet gemonitor word. Voorstelle van Kruger reeds ontvang en moet ook op versoekskrywe geplaas word. **Annatjie berei brief voor. Twee van die bestuur sal die vergadering bywoon.**

7.8 **Mosselbaai Kuslewe Protokol Forum.**

Anton noem dat die Protokol nog ver van klaar af is. Dr de Graaff, Tersia en Anton dryf die saak. Gereelde terugvoering sal verskaf word. **Haal af.**

7.9 **Her-Opening van Klipspringer Wandelpad.**

Die voorsitter doen beroep dat publiek en lede die pad moet stap want dis werklik besonders onder andere word bokkies ens gesien. Anton meld dat die pad voor November 2015 ge-open moet word. **Bekendstelling moet gereel word vir die heropening, Len sal help met reelings.**

7.10 **Riversidecommunity Forum.**

Punt reeds bespreek. **Haal af.**

7.11 **Spanning op krag voorsiening.**

Charl Coetzer se huis sal gemonitor word. **Haal af.**

7.12 **Reeboksfontein Natuurgebied Omheining 'Reebok Rif Ontwikkeling'.**

Die voorsitter deel komitee mee dat eienaars laat weet het dat hulle wel skrywes ontvang het en dat hulle eiendomme dalk benadeel kan word met die omheining. **Ons moet die media dophou vir enige kennisgewings.**

7.13 **Reebok Gemeenskapsaal Huur.**

Die MBBV is uitgesorteer met huurtariewe. Midbrak Buurtwag en Reebok Mark is steeds in oorweging vir afslag met die huur van die saal. **Haal af.**

7.14 **Reebokhoogte – Oesterlaan.**

Kruger doen verslag dat die pad nog nie afgehandel is nie. Te veel fyn klippies is sigbaar en sal weer skoongevee moet word. **'n Skrywe aan Altus Eitner sal gerig word** en gemonitor word. **Asook 'n skrywe** aan mnr Eitner oor die nuutste herseellys van strate wat nog opgegradeer moet word. Raadslid Gerber meld dat 'n aanvullende Begroting in Februarie 2016 op die tafel is en dalk kan daar weer gekyk word waar fondse beskikbaar is. Aansoeke moet nie later as Februarie 2016 ingedien word nie, verkieslik Januarie 2016.

7.15 **Beurtkrag.**

Die Punt is opgevolg in Julie 2015 daarna Augustus 2015 en **sal weer opgevolg word deur Annatjie.**

8. **BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS**

Terugvoering van Ray Saul en Pieter le Roux staan oor aangesien die komiteelede nie teenwoordig is by die vergadering nie. **Anton en Annatjie sal die volgende vergadering bywoon.**

9. **WYKSKOMITEES**

Soos geskeduleer deur Wyk 4 (22 Oktober 2015) en Wyk 5(26 Oktober 2015)

10. **PROJEKTE**

10.1 **R102 Deurpad en gras areas (Lede).**

Raadslid Gerber noem die gras skoongemaak sal word. Anton vra dat 'n skrywe aan die minister gerig moet word oor teerpad. Raadslid Gerber meld dat die pad in proses is om geteer te word.

10.2 **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings & monitoring (Frik)**

Kruger het 'n paar verkeerstekens rapporteer wat skeef in die sand gestaan het. Raadsheer Smit vra dat Van Zylstraat, Harris en Swartstraat, De Jagerstraat na die toegee-tekens gekyk moet word. **'n Skrywe sal gerig word.**

10.3 **Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings (Len).**

Skrywe moet opgevolg word.

10.4 **Skoonmaak van erwe.**

Klagte was ontvang dat eienaars in Grysbok Laan nie hou van skilpaaie nie en enige gras gooi om skilpaaie af te weer. **Situasie sal dopgehou word.**

11. **FINANSIES**

Geen spandering vir MBBV asook Bewarea nie, fondse onveranderd. Lede moet onthou dat R500 goedgekeur is vir die Klipspringer Wandelpad opening.

12. **POLISIëRING/BUURTWAG**

Len doen verslag en meld dat Kaptein Kitching 'n groot verbetering vir SAP Groot-Brak kantore gaan wees. AO Coetzee is bevorder na Kaptein en word verplaas en gaan n groot verlies vir die gemeenskap wees. Des meld dat SAP voertuie baie meer sigbaar is as voorheen. Nuwe bevelvoerder voorsien ook sy eie selfoonnommer aan die publiek. Kruger kan die verskil sien met hul gebeds besoeke tydens oggenddienste by SAP kantoor. Anton noem van die kamera wat in SAP Kantore geplaas is. Die voorsitter meld dat 5000 Veiligheidspamflette gedruk word. Dis voldoende vir Buurtwag en bedank die werk wat gedoen word.

13. **BEWAREA**

Anton meld dat Grootbrak en Midbrak Bewareas verslag moet doen by die Cape Nature se jaarlikse Tuinroete Bewarea Vergadering op 24 Oktober 2015 by Dias Museum, Mosselbaai. Mike noem dat Wendy Wiles se verslae en FB Blad baie goed is.

14. **PLAASLIKE SAKE**

14.1 De Lange Uitbreiding (Ann)

Ann meld dat De Lange pad mooi geplavei is maar groot gate is nou weer in die pad. Ralph Dickson sal genader word om gate te herstel en Dirk Zietsman sal gevra word vir sny van gras en bomer grensend aan die pad.

14.2 Toekoms (Donovan)

Alles verloop goed in Toekoms

14.3 Eureka Park (Annatjie)

14.3.1 **Selfgemaakte stormwatersluis Duineweg**

Raadslid Gerber het nog nie terugvoering van munisipaliteit ontvang nie. **Plaas op Aktiwiteitslys vir Februarie 2016.**

14.3.2 **Pad oorgang by Suiderkruis en Spar**

Die voorsitter noem die pad baie kommerwekkend is met al die ongelukke wat plaasvind. Raadslid Gerber stel voor dat Provinsie spoedbeperkings vanaf Brug(George se kant) tot na De Dekke plaas. Die voorsitter stel dit dat selfs die parkering by spar gevaarlik is. Annatjie noem dat daar klagtes ontvang is van vragmotors wat daar oornag en daar nie voldoende kleedkamer fasiliteite is nie. Daar word ook genoem van moontlike nagtelike aktiwiteite. Saak sal met Wykskomitee bespreek word.

14.4 Fraaiuitsig(Lavinia en Charl Coetzer)

Geen probleme.

14.5 Suiderkruis (Jorrie)

Geen sake.

14.6 Riverside (Des)

Geen sake

14.7 Tergniet (Len en Anton)

Geen sake.

14.8 Tergniethoogte (Mike).

Mike vra dat maalgate in 'Mike Wray Boulevard' pad (Hoofingang van Tergniet/Reebok) reggemaak moet word. **'n Skrywe sal aan Ralph Dickson gerig word.**

14.9 Klein Brakrivier (Charl de Wet & Pieter le Roux)

14.9.1 Parkering moet opgevolg word met 'n skrywe gerig aan Munisipaliteit.

14.9.2 **<u>Blouvlagstatus</u>**. Sal met vakansie seisoen reelings vergadering bespreek word. Die Lewensredders se tye moet ook bespreek word.

14.10 Reebok

14.10.1 <u>Noord van die Spoorlyn</u> (Johan Lotter)

Geen sake.

14.10.2 Suid van die Spoorlyn (Johann Muller)

Geen sake.

14.11 Reebokhoogte (Ray & Kruger)

Geen Sake.

14.12 Reebokrif(Frik Nel)

Geen Sake.

15. **KORRESPONDENSIE**

Geen

16. **ALGEMEEN**

16.1 Lede noem dat die nuwe pad langs Skoenfabriek na die R102 word gebruik as wedrenpad vir voertuie waar 'n wit BMW ge-identifiseer is. Die saak sal aangemeld word by die Verkeersdepartement Mosselbaai.

17. **VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering vind op **04 November 2015 om 13h00** in Reebok Gemeenskapsaal plaas.

Hiermee verdaag die vergadering om 14h30

**GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 10/2015 GEHOU OP 04 NOVEMBER 2015 OM 13:00**

__________________________
ANNATJIE J VAN RENSBURG
SEKRETARESSE

__________________
ANTON DELLEMIJN
VOORSITTER

| MBBV AKTIWITEITSLYS 2015/2016 | |
|---|---|
| Onderwerp | Bespreking |
| 1. Midbrak ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting | Nov 2015 |
| 2. Sake by Regsafdeling | |
| a. Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg) | Mar 2016 |
| b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg) | Des 2015 |
| c. Koraal Singel 43 (Vordering). Regsgeding. | Des 2015 |
| 3. Trap 6de Laan. (Terugvoering van Mnr Eddie Jantjies (Gemeenskap dienste) ontvang. Trappe sal in 2015/2016 boekjaar hanteer word. Albei kante | Sep 2015 |

| | |
|---|---|
| van trappe gaan gevul word met die 'brushpacking' metode om sodoende mense van duin weg te hou en erosie te voorkom.) | |
| 4. Hersëel van Hildegardestraat Fraaiuitsig. Anton noem dat daar geen rekord is die afgelope vier jaar oor die straat nie asook nie op die Herseellys nie. Versoek is gerig aan Mun. Terugvoering van Altus Eitner dat daarduidiglik geen fondse vir die straat is nie en word wel op die herseellys geplaas word vir n latere stadium. Opdrag word aan Ralph Dickson gegee om straat te vee asook gate te stop. | Feb 2016 |
| 5. Begroting vir opgradering van 'Drop off Sites'. L Herselman Munisipaliteit | Sept. 2015 |
| 6. Strate en Stormwater(Reebok en Tergniet) – Kusweg 211, 275 & hv De Jager & Kusweg | Feb 2016 |
| 7. Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings. | Feb 2016 |
| 8. Selfgemaakte stormwatersluis Duineweg – Eureka Park (Gibo) | Feb 2016 |
| 9. | |
| 10. | |

**MIDBRAK CONSERVANCY/BEWAREA REPORT**

**<u>September Report</u>**

Huge thanks to Anton, and Steve of Kotze Construction. The four benches and a number of boards have been positioned on the Trail on Erf 928. The response from residents who have walked on the trail has been very positive and the Fynbos flowers up near the old reservoir and on the old firebreak have been spectacular. Future plans include erosion control and a path from the Grysbok Rd entrance straight across to join with the path near the new reservoirs. Thereafter the maps at the entrances will need to be updated to reflect the paths correctly. (Joy and Louis Cook of Whale-Phin have treated posts that they are happy to donate for use in erosion control).

Lavinia has submitted the small tortoise signs to the Municipality for approval. She has also been working hard on the big information boards and will soon show them to us for comment. Thanks again Lavinia!

Thanks to the Municipality for responding to a resident's request to cut out the RooiKrans that was blocking the line of sight at the Le Roux/De Jager intersection. Especially as this is an invasive alien plant.